OFFICIAL GAZETTE

of South West Africa.

Published by Authority.

OFFISIËLE KOERANT

van Suidwes Afrika.

Uitgegee op gesag.

6d **Friday, 1st October, 1926** **WINDHOEK** **Vrydag, 1 Oktober 1926** **No. 210**

CONTENTS.

Page

Act—

No. 18. British Nationality in the Union and Naturalization and Status of Aliens Act, 1926 2886

Government Notices—

No. 1006 (Union). British Nationality in the Union and Naturalization and Status of Aliens Act, 1926: Regulations 2895

„ 130. Keetmanshoop Roads Board: Appointment of Member 2906

„ 132. Village Management Board Area, Gibeon: Local Regulations 2906

General Notice—

No. 38. List of Farms under Quarantine and dequarantined as at 25. 9. 26 2911

Tender—

No. 1. Tender for purchase of Erf No. 276, Luderitz 2912

Advertisements—

Estate Notices, etc. 2912

INHOUD.

Bladsy

Wet—

No. 18. Wet op Britse Nasionaliteit in die Unie en Naturalisasie en Status van Vreemdelinge, 1926 2886

Goewermentskennisgewings—

No. 1006 (Union). Wet of Britse Nasionaliteit in die Unie en Naturalisasie en Status van Vreemdelinge, 1926: Regulasies . . . 2895

„ 130. Keetmanshoop Weëraad: Benoeming van Lid 2906

„ 132. Dorpsbestuursraad-Gebied, Gibeon: Plaaslike Regulasies 2906

Algemene Kennisgewing—

No. 38. Lys van Plase onder Kwarantyn en van Kwarantyn vrygestel op 25. 9. 26 . . 2911

Tender—

No. 1. Tender vir aankoop van Erf No. 276, Luderitz 2912

Advertensies—

Boedelkennisgewings, ens. 2912

The following enactment of the Union Parliament is published for general information:—

No. 18, 1926.]

ACT

TO MAKE PROVISION AS TO BRITISH NATIONALITY IN THE UNION, AND TO MAKE FURTHER PROVISION AS TO THE NATURALIZATION OF ALIENS AND THEIR STATUS WITHIN THE UNION.

—

BE IT ENACTED by the King's Most Excellent Majesty, the Senate and the House of Assembly of the Union of South Africa, as follows:—

CHAPTER I.

NATURAL-BORN BRITISH SUBJECTS.

Definition of natural-born British subject.

1. (1) The following persons shall in the Union be deemed to be natural-born British subjects, namely:—

(a) Any person born within His Majesty's dominions and allegiance; and

(b) any person born out of His Majesty's dominions whose father was, at the date of that person's birth, a British subject, and who fulfils any of the following conditions, that is to say, if either—

(i) his father was born within His Majesty's allegiance; or

(ii) his father was a person to whom a certificate of naturalization had been granted; or

(iii) his father had become a British subject by reason of any annexation of territory; or

(iv) his father was, at the time of that person's birth in the service of the Crown; or

(v) his birth was registered at a British consulate within twelve months after its occurrence or within two years after its occurrence in any case where the registration was made with the consent referred to in paragraph (b) (v) of sub-section (1) of section one of the British Act, a copy of which paragraph is set out in the First Schedule to this Act; and

(c) any person born on board a British ship whether in foreign territorial waters or not:

Provided that the child of a British subject, whether that child was born before or after the commencement of this Act, shall in the Union be deemed to have been born within His Majesty's allegiance if born in a place where by treaty, capitulation, grant, usage, sufferance or other lawful means, His Majesty exercises jurisdiction over British subjects: Provided also that any person whose British nationality is conditional upon registration at a British consulate shall cease to be a British subject unless within one year after he attains the age of twenty-one, or within such extended period as may be authorized in special cases by regulations made under this Act—

(i) he asserts his British nationality by a declaration of retention of British nationality registered in such manner as may be prescribed by regulations made under this Act; and

(ii) if he is a subject or citizen of a foreign country under the law of which he can, at the time of asserting his British nationality, divest himself of the nationality of that foreign country by making a declaration of alienage or otherwise, he divests himself of such nationality accordingly.

(2) A person born on board a foreign ship shall not in the Union be deemed to be a British subject by reason only that the ship was in British territorial waters at the time of his birth.

(3) Nothing in this section shall, except as otherwise expressly provided, affect the status of any person born before the commencement of this Act.

CHAPTER II.

NATURALIZATION OF ALIENS.

Certificate of naturalization.

2. (1) The Minister may grant a certificate of naturalization to an alien who makes an application for the purpose and satisfies the Minister—

(a) that he has either resided in His Majesty's dominions for a period of not less than five years in the manner required by this section, or has been in the service of the Crown for not less than five years within the last eight years before the application; and

(b) that he is of good character and is able to read and write either of the official languages of the Union to the satisfaction of the Minister; and

(c) that he intends if his application is granted either to reside in His Majesty's dominions or to enter or continue in the service of the Crown.

Die volgende wet van die Parlement van die Unie van Suid Afrika word vir algemene informasie gepubliseer:—

No. 18, 1926.]

WET

OM BRITSE NASIONALITEIT IN DIE UNIE TE BEPAAL EN OM VERDER VOORSIENING TE MAAK OMTRENT DIE NATURALISASIE VAN VREEMDELINGE EN HUL STATUS IN DIE UNIE.

—

DIT WORD BEPAAL deur Sy Majesteit die Koning, die Senaat en die Volksraad van die Unie van Suid-Afrika, as volg:—

HOOFSTUK I.

GEBORE BRITSE ONDERDANE.

Omskrywing van gebore Britse onderdaan.

1. (1) Die volgende persone word in die Unie as gebore Britse onderdane beskou, naamlik:—

(a) 'n Persoon wat in die gebied en onder die heerskappy van Sy Majesteit gebore is; en

(b) 'n persoon wat buite die gebied van Sy Majesteit gebore is, wie se vader, by die geboorte van daardie persoon, 'n Britse onderdaan was en wat aan een van die volgende voorwaardes voldoen, naamlik, as—

(i) sy vader onder Sy Majesteit se heerskappy gebore is; óf

(ii) sy vader iemand was aan wie 'n sertifikaat van naturalisasie verleen geword is; óf

(iii) sy vader 'n Britse onderdaan geword het as 'n gevolg van anneksasie van grondgebied; óf

(iv) sy vader by die geboorte van daardie persoon in die diens van die Kroon was; óf

(v) sy geboorte binne twaalf maande nadat dit plaasgevind het, by 'n Britse Konsulaat geregistreer geword is, of binne twee jaar nadat dit plaasgevind het, in 'n geval waar die registrasie geskiet is met die toestemming vermeld in paragraaf (b) (v) van sub-artiekel (1) van artiekel een van die Britse wet, van watter paragraaf 'n vertaling opgeneem is in die Eerste Bylae tot hierdie Wet; en

(c) 'n persoon wat gebore is aan boord van 'n Britse skip, hetsy in vreemde territoriale water of nie:

Met die verstande dat die kind van 'n Britse onderdaan, of so 'n kind voor of na die inwerkingtreding van hierdie Wet gebore is, in die Unie geag word onder Sy Majesteit se heerskappy gebore te wees as dit gebore is op 'n plek waar Sy Majesteit kragtens traktaat, kapitulasie, toekenning, gebruik, gedoging of op ander wettige grond regsmag oor Britse onderdane uitoefen: Met die verstande ook dat iemand, wie se Britse nasionaliteit van registrasie by 'n Britse Konsulaat afhang, ophou om 'n Britse onderdaan te wees, tensy binne een jaar nadat hy die leeftyd van een-en-twintig jaar bereik het of binne so 'n verlengde tydperk as wat by die regulasies ingevolge hierdie Wet vasgestel, in spesiale gevalle mag toegelaat word—

(i) sy Britse nasionaliteit betuig deur 'n verklaring van behoud van Britse nasionaliteit, geregistreer op so 'n wyse as wat voorgeskrywe mag word deur regulasies, ingevolge hierdie Wet vasgestel; en

(ii) as hy 'n onderdaan of burger van 'n vreemde staat is, volgens wie se wet hy om by sy betuiging van sy Britse nasionaliteit van die nasionaliteit van daardie vreemde staat kan ontdoen, deur 'n verklaring van vreemdelingskap af te lê of andersins, hom dienooreenkomstig van daardie nasionaliteit ontdoen.

(2) Iemand wat aan boord van 'n vreemde skip gebore is, word nie in die Unie as 'n Britse onderdaan beskou nie alleen omdat daardie skip by sy geboorte in Britse territoriale water was.

(3) Hierdie artiekel het, behalwe waar uitdruklik anders bepaal word, geen invloed op die status van iemand wat voor die inwerkingtreding van hierdie Wet gebore is.

HOOFSTUK II.

NATURALISASIE VAN VREEMDELINGE.

Sertifikaat van naturalisasie.

2. (1) Die Minister mag 'n sertifikaat van naturalisasie verleen aan 'n vreemdeling wat daarom aanvraag doen en die Minister oortuig—

(a) dat hy óf gedurende 'n tydperk van nie minder dan vyf jaar in die gebied van Sy Majesteit woonagtig was, volgens vereiste van hierdie artiekel, óf gedurende nie minder dan vyf jaar binne die laaste ag jaar voor die aanvraag in diens van die Kroon was; en

(b) dat hy van goeie sedelike gedrag is en een van die twee offisiële tale van die Unie tot bevrediging van die Minister kan lees en skryf; en

(c) dat hy voornemens is om, as sy aanvraag toegestaan word, óf in die gebied van Sy Majesteit woonagtig te word, óf in die diens van die Kroon te tree of te bly.

(2) The residence required by this section is residence in the Union for not less than one year immediately preceding the application, and previous residence, either in the Union or in some other part of His Majesty's dominions, for a period of four years within the last eight years before the application.

(3) The grant of a certificate of naturalization to any such alien shall be in the absolute discretion of the Minister, and he may, with or without assigning any reason, give or withhold the certificate as he thinks most conducive to the public good, and no appeal shall lie from his decision.

(4) A certificate of naturalization shall not be issued until the applicant has taken the oath of allegiance and such oath shall be taken within the period and before one of such persons as is prescribed.

(5) In the case of a woman who was a British subject previously to her marriage to an alien, and whose husband has died or whose marriage has been dissolved, the requirements of this section as to residence shall not apply and the Minister may in any other special case, if he thinks fit, grant a certificate of naturalization, although the four years' residence or five years' service has not been within the last eight years before the application.

(6) For the purpose of this section a period spent in the service of the Crown may, if the Minister thinks fit, be treated as equivalent to a period of residence in the Union.

Persons previously naturalized.

3. (1) Any person to whom a certificate of naturalization has been issued under a prior law, or who has been naturalized by virtue of a certificate of naturalization issued to his father or mother under any such law may apply to the Minister in the prescribed manner for a certificate of naturalization under this Act, and the Minister shall grant to him a certificate of naturalization which shall, for all purposes, have the same effect as a certificate of naturalization granted under the last preceding section.

(2) Any person to whom a certificate of naturalization has been issued under a prior law, or who has been naturalized by virtue of a certificate of naturalization issued to his father or mother under any such law and who does not apply for a certificate of naturalization under this Act, shall retain the rights and privileges conferred upon him by virtue of his naturalization under such prior law:

Provided that the Minister may, in his discretion, revoke a certificate of naturalization issued under a prior law in the case of a person who has since the date of the grant of the certificate been, for a period of not less than seven years, ordinarily resident out of His Majesty's dominions or the Mandated Territory of South West Africa otherwise than as a representative of a British subject, firm or company carrying on business, or an institution established in His Majesty's dominions, or in the service of the Crown, and has not maintained a substantial connection with His Majesty's dominions. The procedure laid down in sub-sections (3), (4) and (5) of section seven of this Act shall be followed in all such cases of revocation.

Special certificates.

4. (1) The Minister may, in his absolute discretion, in such cases as he thinks fit, grant a special certificate of naturalization to any person—

(a) with respect to whose nationality as a British subject a doubt exists, or

(b) who, not having been a British subject or a burgher of the late South African Republic or of the late Orange Free State Republic, served with the British or Republican Forces in the war of 1899-1902, and who after the thirty-first day of May, 1902, remained an alien under the existing laws, provided that for the five years immediately prior to the commencement of this Act he has been domiciled in the Union.

(2) The receipt of a special certificate in terms of paragraph (a) of sub-section (1) shall not be deemed to imply any admission that the person to whom it is granted was not previously a British subject.

Persons under disability.

5. (1) Where an alien obtains a certificate of naturalization, the Minister may, if he thinks fit, on the application of that alien, include in the certificate the name of any child of the alien born before the date of the certificate and being under the age of twenty-one and that child shall thereupon, if not already a British subject, become a British subject; but any such child may, within one year after attaining the age of twenty-one, make a declaration of alienage, and shall thereupon cease to be a British subject.

(2) The Minister may, in his absolute discretion in any special case in which he thinks fit, grant a certificate of naturalization to any person under the age of twenty-one whether or not the conditions required by this Act have been complied with.

(3) Except as provided by this Act, a certificate of naturalization shall not be granted to any persons under disability.

Effect of certificate of naturalization.

6. A person to whom a certificate of naturalization under this Act is granted by the Minister shall, subject to the provision of this Act or any other law, be entitled to all political and other rights, powers and privileges, and be subject to all obligations, duties and liabilities to which a natural-born British subject is entitled or subject, and, as from the date of his naturalization, have to all intents and purposes the status of a natural-born British subject:

(2) Die woonagtigheid wat hierdie artiekel vereis, is woonagtigheid in die Unie gedurende nie minder dan een jaar onmiddellik voor die aanvraag, en vorige woonagtigheid, hetsy in die Unie of in 'n ander deel van die gebied van Sy Majesteit, gedurende 'n tydperk van vier jaar binne die laaste ag jaar voor die aanvraag.

(3) Die verlening van 'n sertifikaat van naturalisasie aan so 'n vreemdeling is in die absolute diskresie van die Minister en hy mag met of sonder opgawe van redes die sertifikaat uitreik of weerhou, volgens wat hy die beste in die openbare belang ag, en van sy beslissing kan nie geappelleer word nie.

(4) 'n Sertifikaat van naturalisasie mag nie uitgereik word nie voordat die aanvraer die eed van getrouheid afgelê het, en daardie eed moet binne die voorgeskrewe tydperk en voor een van die voorgeskrewe persone, afgelê word.

(5) In die geval van 'n vrou wat voor haar huwelik met 'n vreemdeling 'n Britse onderdaan was en wie se eggenoot oorlede of wie se huwelik ontbinde is, is die vereiste van hierdie artiekel omtrent woonagtigheid nie van toepassing nie, en die Minister mag in enige ander spesiale geval, as hy dit goed vind, 'n sertifikaat van naturalisasie verleen, hoewel die vierjarige woongatigheid of die vyfjarige diens nie val binne die laaste ag jaar voor die aanvraag.

(6) Vir die doeleindes van hierdie artiekel mag 'n tydperk, deurgebring in die diens van die Kroon as die Minister dit goed vind, as gelykwaardig met 'n tydperk van woonagtigheid in die Unie gereken word.

Voorheen genaturaliseerdes.

3. (1) Iemand aan wie kragtens 'n vorige wet, 'n sertifikaat van naturalisasie verleen is, of wat, kragtens 'n sertifikaat van naturalisasie verleen aan sy vader of moeder ingevolge so 'n wet, genaturaliseer is, mag by die Minister op die voorgeskrewe wyse om 'n sertifikaat van naturalisasie volgens hierdie Wet aanvraag doen, en die Minister moet aan hom 'n sertifikaat van naturalisasie verleen wat vir alle doeleindes dieselfde geldigheid het as 'n sertifikaat van naturalisasie verleen kragtens die voorgaande artiekel.

(2) Iemand aan wie ingevolge 'n vorige wet 'n sertifikaat van naturalisasie verleen is of wat genaturaliseer is kragtens 'n sertifikaat van naturalisasie aan sy vader of moeder ingevolge so 'n wet verleen en wat nie om 'n sertifikaat van naturalisasie volgens hierdie Wet aanvraag doen nie, behou die regte en voorregte aan hom kragtens sy naturalisasie ingevolge daardie vorige wet verleen:

Met die verstande dat die Minister volgens diskresie 'n sertifikaat van naturalisasie, verleen kragtens 'n vorige wet, mag intrek in die geval van iemand wat sedert die datum van die uitreiking van die sertifikaat gedurende 'n tydperk van nie minder dan sewe jaar buite die gebied van Sy Majesteit of die Mandaatgebied van Suidwes Afrika gewoonlik woonagtig was, behalwe as 'n verteenwoordiger van 'n Britse onderdaan, firma of maatskappy wat in die gebied van Sy Majesteit, handel dryf of van 'n instelling wat daarin gevestig is, of in die diens van die Kroon en nie 'n wesenlike verbinding met die gebied van Sy Majesteit onderhou het nie. Die prosedure vasgestel in sub-artiekels (3), (4) en (5) van artiekel sewe van hierdie Wet moet in alle sodanige gevalle van intrekking gevolg word.

Spesiale sertifikate.

4. (1) Die Minister mag, volgens absolute diskresie in sulke gevalle waar hy dit goed vind 'n spesiale sertifikaat van naturalisasie verleen aan iemand—

(a) in verband met wie se nasionaliteit as 'n Britse onderdaan twyfel bestaan; of

(b) wat sonder om 'n Britse onderdaan of 'n burger van die gewese Suidafrikaanse Republiek of van die gewese Oranje-Vrystaatse Republiek te gewees het, met die Britse of Republikeinse troepe in die oorlog van 1899—1902 gedien het en wat na die een-en-dertigste dag van Mei 1902 ingevolge die bestaande wette 'n vreemdeling gebly het, mits hy gedurende vyf jaar onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Wet in die Unie gedomisiliëer was.

(2) Die ontvangs van 'n spesiale sertifikaat volgens paragraaf (a) van sub-artiekel (1) word nie beskou as 'n erkenning dat die persoon aan wie dit verleen word, nie tevore 'n Britse onderdaan was nie.

Regtens onbevoegde persone.

5. (1) Wanneer 'n vreemdeling 'n sertifikaat van naturalisasie verkry, mag die Minister, as hy dit goed vind, op aanvraag van daardie vreemdeling die naam van 'n kind van die vreemdeling, wat gebore is voor die datum van die sertifikaat en wat die leeftyd van een-en-twintig jaar nog nie bereik het nie, in die sertifikaat opneem en daardie kind word daarop, indien nie alreeds 'n Britse onderdaan nie, 'n Britse onderdaan; maar so 'n kind mag binne een jaar nadat hy die leeftyd van een-en-twintig jaar bereik het 'n verklaring van vreemdelingskap aflê en daarop hou hy op om 'n Britse onderdaan te wees.

(2) Die Minister mag volgens absolute diskresie in 'n besondere geval waar hy dit goed vind 'n sertifikaat van naturalisasie aan iemand onder die leeftyd van een-en-twintig jaar verleen, hetsy al dan nie aan die voorwaardes by hierdie Wet bepaal voldoen is.

(3) Behalwe volgens die bepalinge van hierdie Wet, mag 'n sertifikaat van naturalisasie aan niemand, wat regtens onbevoeg is, verleen word nie.

Gevolg van sertifikaat van naturalisasie.

6. Iemand aan wie 'n sertifikaat van naturalisasie deur die Minister kragtens hierdie Wet verleen word, is, met inagneming van die bepalinge van hierdie of enige ander wet, geregtig op alle politieke en ander egte, bevoegdhede en voorregte en onderhewig aan alle pligte, verpligtinge en aanspreeklikhede waarop 'n gebore Britse onderdaan geregtig, of waaraan hy onderhewig is, en vanaf die datum van sy naturalisasie besit hy in alle opsigte en vir alle doeleindes die status van 'n gebore Britse onderdaan:

Provided that where, by any provision of any law a distinction is made between the rights, powers or privileges of natural-born British subjects and those of persons naturalized in the Union, the rights, powers and privileges conferred by this section shall, for the purposes of that provision, be only those (if any) to which persons so naturalized are therein expressed to be entitled.

Revocation of certificates of naturalization granted under this Act.

7. (1) Any certificates of naturalization granted under this Act may by order be revoked by the Minister if the person to whom it was granted—

(a) is convicted—

(i) of having obtained such certificate by any fraud or false representation, or of an offence under section twenty-four;

(ii) of high treason, crimen laesae majestatis, sedition or public violence;

(iii) of having, during any war in which His Majesty is engaged, unlawfully traded or communicated with the enemy or with the subject of any enemy state, or been engaged in or associated with any business which is to his knowledge carried on in such manner as to assist the enemy in such war; or

(b) has, within five years of the date of the grant of the certificate, been sentenced by any court in His Majesty's dominions or in the Mandated Territory of South West Africa to imprisonment for a term of not less than twelve months, or to a fine of not less than one hundred pounds; or

(c) has, since the date of the grant of the certificate, been for a period of not less than seven years ordinarily resident out of His Majesty's dominions or the Mandated Territory of South West Africa otherwise than as a representative of a British subject, firm or company carrying on business, or an institution established in His Majesty's dominions, or in the service of the Crown, and has not maintained substantial connection with His Majesty's dominions; or

(d) remains according to the law of a State at war with His Majesty a subject of that State.

(2) Where a person is naturalized by virtue of the grant of a certificate of naturalization under this Act to his father or mother, the provisions of this section shall apply to that person as if he were a person to whom a certificate of naturalization had been granted under this Act, and the Minister may, for the same reasons and subject to the same conditions as are provided in this section in relation to the revocation of a certificate of naturalization, by order declare that that person shall cease to be a British subject, and that person shall thereupon become an alien and any reference in this Act to the revocation of a certificate of naturalization shall, unless the contrary intention appears, be read as a reference to an order made in pursuance of this sub-section.

(3) The Minister may, if he thinks fit, before making an order under this section refer the case for such inquiry as is hereinafter specified, and in any case to which sub-section (2) of section three and paragraph (b), (c) or (d) of sub-section (1) this section apply, the Minister shall, by notice given to or sent to the last known address of the holder of the certificate or naturalized person, give him an opportunity of claiming that the case be referred for such inquiry, and if the holder or naturalized person so claims in accordance with the notice the Minister shall refer the case for inquiry accordingly. At any such inquiry such holder or naturalized person may appear personally or by counsel or attorney on his behalf: Provided that no claim for such inquiry shall be allowed unless it is delivered to the Minister within six months of the date of the issue of the notice.

(4) An inquiry under this section shall be held by a committee of not more than three persons including the chairman, constituted for the purpose by the Minister, presided over by a person (appointed by the Minister) who is or has been a Judge of the Supreme Court and shall be conducted in such manner as the Minister may direct:

Provided that any such inquiry may, if the Minister thinks fit, instead of being held as aforesaid, be held by any provincial division of the Supreme Court of South Africa, and the practice and procedure on any inquiry so held shall be regulated by rules of court.

(5) A committee appointed under this section shall have all such powers, rights and privileges as are vested in the Supreme Court of South Africa, or in any judge thereof on the occasion of any action, in respect of the following matters:—

(a) the enforcing the attendance of witnesses and examining them on oath, and the issue of a commission or a request to examine witnesses abroad; and

(b) the compelling the production of documents; and

(c) the punishing persons guilty of contempt;

and a summons signed by one or more members of the committee may be substituted for and shall be equivalent to any formal process capable of being issued in any action for enforcing the attendance of witnesses and compelling the production of documents.

Met die verstande dat wanneer, in 'n bepaling van een of ander wet, 'n verskil gemaak word tussen die regte, bevoegdhede of voorregte van gebore Britse onderdane en dié van persone wat in die Unie genaturaliseer is, die regte, bevoegdhede en voorregte deur hierdie artiekel verleen, vir die doeleindes van daardie bepaling, slegs dié is waarop aldus genaturaliseerde persone daarin verklaar mag word geregtig te wees.

Intrekking van sertifikate van naturalisasie kragtens hierdie Wet verleen.

7. (1) 'n Sertifikaat van naturalisasie kragtens hierdie Wet verleen, mag deur die Minister by bevelskrif ingetrek word as die persoon aan wie dit verleen is—

(a) veroordeel word weens—

(i) verkryging van so 'n sertifikaat deur bedrog of valse voorwendsels, of 'n oortreding van artiekel vieren-twintig;

(ii) hoogverraad, crimen laesae majestatis, oproer of geweld;

(iii) onwettige handel of verkeer met die vyand of met 'n onderdaan van 'n vyandelike staat gedurende 'n oorlog wat Sy Majesteit voer, of toelegging op of deelneming gedurende so 'n oorlog in 'n besigheid wat met sy medewete op so 'n manier gedryf word dat dit die vyand in daardie oorlog behulpsaam is; of

(b) binne vyf jaar na die datum van die verlening van die sertifikaat deur 'n hof in die gebied van Sy Majesteit of in die Mandaatgebied van Suidwes Afrika veroordeel is tot gevangenisstraf van nie minder dan twaalf maande of tot 'n boete van nie minder dan honderd pond; of

(c) sedert die datum van die verlening van die sertifikaat gedurende 'n tydperk van nie minder dan sewe jaar buite die gebied van Sy Majesteit of die Mandaatgebied van Suidwes Afrika gewoonlik woonagtig gewees het, (behalwe as 'n verteenwoordiger van 'n Britse onderdaan, firma of maatskappy wat in die gebied van Sy Majesteit handel dryf, of van 'n instelling wat daarin gevestig is, of in die diens van die Kroon), en nie 'n wesenlike verbinding met die gebied van Sy Majesteit onderhou het nie; of

(d) volgens die wet van 'n staat waarmee Sy Majesteit op voet van oorlog is, 'n onderdaan van daardie staat bly.

(2) Wanneer 'n persoon genaturaliseer word kragtens die verlening van 'n sertifikaat van naturalisasie ingevolge hierdie Wet aan sy vader of moeder, is die bepalinge van hierdie artiekel van toepassing op daardie persoon asof hy iemand was aan wie 'n sertifikaat van naturalisasie ingevolge hierdie Wet verleen was, en die Minister mag vir dieselfde redes en onder dieselfde voorwaardes as wat hierdie artiekel bepaal in verband met die intrekking van 'n sertifikaat van naturalisasie, by bevelskrif verklaar dat daardie persoon ophou om 'n Britse onderdaan te wees, en daardie persoon word daarop 'n vreemdeling en 'n vermelding in hierdie Wet van die intrekking van 'n sertifikaat van naturalisasie word, tensy van die teenoorgestelde bedoeling blyk, beskou as 'n vermelding van 'n bevelskrif ingevolge hierdie sub-artiekel.

(3) Die Minister mag, as hy dit goed vind, voordat hy 'n bevelskrif kragtens hierdie artiekel uitvaardig, 'n ondersoek in die saak gelas, soas hieronder bepaal, en in elke geval waarop sub-artiekel (2) van artiekel drie en garagraaf (b), (c) of (d) van sub-artiekel (1) van hierdie artiekel van toepassing is, moet die Minister deur kennisgewing aan, of versending van 'n kennisgewing na die laaste bekende adres van die houer van die sertifikaat of die genaturaliseerde persoon, hom in die geleentheid stel om te verlang dat die saak aldus ondersoek moet word en as die houer of genaturaliseerde persoon ooreenkomstig die kennisgewing dit verlang, moet die Minister dienooreenkomstig gelas dat die saak ondersoek moet word. Op 'n sodanige ondersoek mag daardie houer of genaturaliseerde persoon persoonlik of deur 'n advokaat of prokureur verskyn: Met die verstande dat geen eis vir so 'n ondersoek toegestaan mag word nie tensy dit binne ses maande na die datum van uitreiking van die kennisgewing aan die Minister oorhandig word.

(4) 'n Ondersoek volgens hierdie artiekel word gehou deur 'n kommissie van nie meer dan drie persone nie, die voorsitter ingesluit, vir daardie doel deur die Minister benoem onder voorsitterskap van iemand (deur die Minister aangestel) wat 'n regter van die Hooggeregshof is of was, en word gelei op so 'n wyse as wat die Minister mag gelas:

Met die verstande dat, as die Minister dit goed vind, so 'n ondersoek, in plaas van soas voormeld gehou te word, deur 'n prowinsiale afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika gehou mag word en die praktyk en prosedure by so 'n ondersoek gereël word deur reëls van die hof.

(5) 'n Kommissie kragtens hierdie artiekel benoem, het dieselfde bevoegdhede, regte en voorregte as wat aan die Hooggeregshof van Suid-Afrika of 'n regter daarvan in verband met 'n geding verleen is ten opsigte van die volgende sake:—

(a) die verpligting van getuie om te verskyn en hulle ondervraging onder eed, en die uitreiking van 'n kommissie of 'n versoek om getuie in die buiteland te ondervra; en

(b) die verpligting tot vertoon van dokumente; en

(c) bestraffing van persone weens ninagting;

en 'n dagvaarding geteken deur een of meer lede van die kommissie mag uitgereik word in plaas van, en is ewe geldig as 'n formele dagvaarding wat in 'n geding uitgereik kan word om die verskyning van getuie en die vertoning van dokumente af te dwing.

(6) Where a person to whom a certificate of naturalization has been granted in some other part of His Majesty's dominions is resident in the Union, the certificate may be revoked in accordance with this section by the Minister, with the concurrence of the Government of that part of His Majesty's dominions in which the certificate was granted.

(7) Where the Minister revokes a certificate of naturalization, the revocation shall have effect from such date as the Minister may direct, and thereupon the certificate shall be given up and cancelled, and any person refusing or neglecting to give up his certificate shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding one hundred pounds, or in default of payment to imprisonment with or without hard labour for a period not exceeding six months.

Effect of revocation of certificate of naturalization.

8. (1) Where a certificate of naturalization is revoked under sub-section (2) of section three or section seven the Minister may by order direct that the wife and minor children (or any of them) of the person whose certificate is revoked shall cease to be British subjects, and any such person shall thereupon become an alien; but except where the Minister directs as aforesaid, the nationality of the wife and minor children of the person whose certificate is revoked shall not be affected by the revocation, and they shall remain British subjects:

Provided that—

(a) it shall be lawful for the wife of any such person within six months after the date of the order of revocation to make a declaration of alienage, and thereupon she and any minor children of her husband and herself shall cease to be British subjects and shall become aliens; and

(b) the Minister shall not make any such order as aforesaid in the case of a wife who was at birth a British subject, unless he is satisfied that if she had held a certificate of naturalization in her own right the certificate could properly have been revoked under the last preceding section, and the provisions of that section as to referring cases for inquiry shall apply to the making of any such order as they apply to the revocation of a certificate.

(2) The provisions of this section shall, as regards persons affected thereby, have effect in substitution for any other provisions of this Act as to the effect upon the wife and children of any person where the person ceases to be a British subject and such other provisions shall accordingly not apply in any such case.

(3) Where a certificate of naturalization is revoked the former holder thereof shall be regarded as an alien and a subject of the State to which he belonged at the time the certificate was granted

Effect of certificates granted by Governments of United Kingdom or British Possessions.

9. A certificate of naturalization granted by the Secretary of State having charge of the administration of the British Act or by the Government of any British Possession shall, in the Union, have the same force and effect as a certificate of naturalization granted in pursuance of this Chapter.

Conditional application of section.

10. The last preceding section shall not apply to certificates granted by the Government of any Dominion unless the Legislature of that Dominion adopts Part II of the British Act

Adoption of Part II. of British Act.

11. (1) Part II of the British Act, a copy of which Part is set out in the Second Schedule to this Act, is hereby adopted subject to the modifications and additions provided in this Chapter.

(2) Any power which, under Part II of the British Act, is exercisable by the Secretary of State, shall be vested in and exercisable by the Minister.

CHAPTER III.

GENERAL.

National Status of Married Women and Minor Children.

National status of married women.

12. The wife of a British subject shall in the Union be deemed to be a British subject, and the wife of an alien shall in the Union be deemed to be an alien:

Provided that where a man ceases during the continuance of his marriage to be a British subject it shall be lawful for his wife to make a declaration that she desires to retain British nationality, and thereupon she shall in the Union be deemed to remain a British subject:

Provided further that where an alien is a subject of a state at war with His Majesty it shall be lawful for his wife if she was a British subject prior to her marriage to such alien to make a declaration that she desires to resume British nationality, and thereupon the Minister, if he is satisfied that it is desirable that she be permitted to do so, may grant her a certificate of naturalization, for any period which he may deem desirable, and at the termination thereof for an extension of that period if considered necessary.

Status of widows and divorced women.

13. A woman who, having been a British subject, has by or in consequence of her marriage become an alien, shall not, by reason only of the death of her husband or the dissolution of her marriage, cease to be an alien, and a woman who, having been an alien has by or in consequence of her marriage become a British subject, shall not, by reason only of the death of her husband or the dissolution of her marriage, cease to be a British subject.

(6) Wanneer iemand aan wie 'n sertifikaat van naturalisasie in 'n ander deel van die gebied van sy Majesteit verleen is, in die Unie woon, mag die sertifikaat deur die Minister ooreenkomstig hierdie artiekel ingetrek word met die toestemming van die Regering van daardie deel van die gebied van Sy Majesteit waarin die sertifikaat verleen is.

(7) Wanneer die Minister 'n sertifikaat van naturalisasie intrek, word die intrekking regsgeldig vanaf die datum wat die Minister mag bepaal en daarop moet die sertifikaat ingehandig en vernietig word, en iemand wat weier of versuim om sy sertifikaat in te handig is skuldig aan 'n misdryf en by veroordeling strafbaar met 'n boete van hoogstens honderd pond, of by gebreke van betaling met gevangenisstraf met of sonder harde arbeid vir 'n tydperk van hoogstens ses maande.

Gevolg van intrekking van sertifikaat van naturalisasie.

8. (1) Wanneer 'n sertifikaat van naturalisasie kragtens sub-artiekel (2) van artiekel drie of artiekel sewe ingetrek word, mag die Minister by bevelskrif gelas dat die eggenote en minderjarige kinders (of een of meer van hulle) van die persoon wie se sertifikaat ingetrek word, ophou om Britse onderdane te wees, en so iemand word daarop 'n vreemdeling; maar tensy die Minister aldus gelas, word die nasionaliteit van die eggenote en minderjarige kinders van die persoon wie se sertifikaat ingetrek word, deur die intrekking nie beïnvloed nie en hulle bly Britse onderdane:

Met die verstande dat—

(a) die eggenote van so 'n persoon binne ses maande na die datum van die bevelskrif van intrekking 'n verklaring van vreemdelingskap mag aflê en daarop hou sy en die minderjarige kinders van haar en haar eggenoot op om Britse onderdane te wees en word hulle vreemdelinge; en

(b) die Minister geen sodanige bevelskrif as voormeld mag uitvaardig, in die geval van 'n eggenote wat by haar geboorte 'n Britse onderdaan was, tensy hy oortuig it dat as sy 'n sertifikaat van naturalisasie in haar eie naam besit had, daardie sertifikaat kragtens die voorgaande artiekel regsgeldig had kan ingetrek word, en die bepalinge van daardie artiekel aangaande die gelas van 'n ondersoek is van toepassing op die uitvaardiging van so 'n bevelskrif net soas hulle toepaslik is op die intrekking van 'n sertifikaat.

(2) Die bepalinge van hierdie artiekel, wat betref die betrokke persone, is van krag tot vervanging van alle ander bepalinge van hierdie Wet aangaande die gevolge vir die vrou en kinders van 'n persoon wanneer die persoon ophou om Britse onderdaan te wees, en sulke ander bepalinge is dienooreenkomstig nie van toepassing in sulke gevalle nie.

(3) Wanneer 'n sertifikaat van naturalisasie ingetrek word, dan word die gewese houer daarvan beskou as 'n vreemdeling en as 'n onderdaan van die staat waaraan hy behoor het toe die sertifikaat verleen is.

Gevolg van sertifikate verleen deur die Regeringe van die Verenigde Koninkryk of van Britse Besittinge.

9. 'n Sertifikaat van naturalisasie verleen deur die Staatsekretaris belas met die uitvoering van die Britse Wet of deur die Regering van 'n Britse besitting het in die Unie dieselfde regsgeldigheid as 'n sertifikaat van naturalisasie verleen ooreenkomstig hierdie Hoofstuk.

Voorwaardelike toepassing van artiekel.

10. Die voorgaande artiekel is nie van toepassing op sertifikate verleen deur die Regering van 'n Domienie, tensy die wetgewende mag van daardie Domienie Deel II van die Britse Wet aangeneem het.

Aanneming van Deel II. van die Britse Wet.

11. (1) Deel II van die Britse Wet, waarvan 'n vertaling in die Twede Bylae tot hierdie Wet opgeneem is, word hierby aangeneem met die wysiginge en byvoegsels wat hierdie Hoofstuk bepaal.

(2) 'n Bevoegdheid wat volgens Deel II van die Britse Wet deur die Staatsekretaris kan uitgeoefen word, berus by die Minister en kan deur hom uitgeoefen word.

HOOFSTUK III.

ALGEMENE BEPALINGE.

Nasionale Status van Getroude Vrouens en Minderjarige Kinders.

Nasionale status van getroude vroue.

12. Die eggenote van 'n Britse onderdaan word in die Unie as 'n Britse onderdaan beskou, en die vrou van 'n vreemdeling word in die Unie as 'n vreemdeling beskou:

Met die verstande dat wanneer 'n man gedurende die bestaan van sy huwelik ophou om 'n Britse onderdaan te wees, sy vrou 'n verklaring mag aflê dat sy 'n Britse onderdaan wil bly en daarop word sy in die Unie geag 'n Britse onderdaan te bly:

Met die verstande ook dat wanneer 'n vreemdeling 'n onderdaan is van 'n staat wat op voet van oorlog met Sy Majesteit is, sy vrou, as sy voor haar huwelik met sodanige vreemdeling 'n Britse onderdaan was 'n verklaring mag aflê dat sy haar Britse nasionaliteit wil hervat, en daarop mag die Minister, as hy oortuig is dat dit wenslik is om haar dit toe te staan, haar 'n sertifikaat van naturalisasie verleen, vir so 'n tydperk as wat hy mag wenslik ag en na verloop daarvan vir 'n verlenging van daardie tydperk, as dit nodig geag word.

Status van weduwees en geskeie vroue.

13. 'n Vrou wat tevore 'n Britse onderdaan was en deur of tengevolge van haar huwelik 'n vreemdeling geword het, hou nie op om 'n vreemdeling te wees nie, alleen deur die dood van haar eggenoot of die ontbinding van haar huwelik, en 'n vrou wat tevore 'n vreemdeling was en deur of tengevolge van haar huwelik 'n Britse onderdaan geword het, hou nie op om 'n Britse onderdaan te wees nie, alleen deur die dood van haar eggenoot of die ontbinding van haar huwelik.

Status of children.

14. (1) Where a person, being a British subject, ceases to be a British subject, whether by declaration of alienage or otherwise, every child of that person, being under the age of twenty-one, shall thereupon cease to be a British subject, unless such child, on that person ceasing to be a British subject, does not become by the law of any other country naturalized in that country:

Provided that, where a widow who is a British subject marries an alien, any child of her by her former husband shall not, by reason only of her marriage, cease to be a British subject, whether he is residing outside His Majesty's dominions or not.

(2) Any child who has so ceased to be a British subject may within one year after attaining the age of twenty-one, make a declaration that he wishes to resume British nationality, and shall thereupon again become a British subject.

Loss of British Nationality.

Loss of British nationality by foreign naturalization.

15. A British subject who, when in any foreign state and not under disability, by obtaining a certificate of naturalization or by any other voluntary and formal act, becomes naturalized therein, shall thenceforth in the Union be deemed to have ceased to be a British subject.

Declaration of alienage.

16. (1) Any person who by reason of his having been born within His Majesty's dominions and allegiance or on board a British ship is a natural-born British subject, but who at his birth or whilst under the age of twenty-one became under the law of any foreign state a subject also of that state, and is still such a subject may, if of the age of twenty-one years or over and not under any disability, make a declaration of alienage, and on making the declaration shall cease to be a British subject.

(2) Any person who though born out of His Majesty's dominions is a natural-born British subject may, if of the age of twenty-one years or over and not under disability, make a declaration of alienage, and on making the declaration shall cease to be a British subject.

Power of naturalized subjects to divest themselves of their status in certain cases.

17. Where His Majesty has entered into a convention with any foreign state to the effect that the subjects or citizens of that state to whom certificates of naturalization have been granted may divest themselves of their status as such subjects, and His Majesty, by Order in Council has declared that he has entered into such a convention, then from and after the date of such Order in Council any person having been originally a subject or citizen of the state therein referred to, who has been naturalized as a British subject may, within the limit of time provided in the convention, make a declaration of alienage, and on his making the declaration he shall in the Union be regarded as an alien and as a subject of the state to which he originally belonged as aforesaid.

Saving of obligations incurred before loss of nationality.

18. Where any British subject ceases to be a British subject he shall not thereby be discharged from any obligation, duty or liability in respect of any act done before he ceased to be a British subject.

CHAPTER IV.

MISCELLANEOUS PROVISIONS.

Procedure and Evidence.

Requirements of applicants for naturalization certificates.

19. (1) Every applicant for naturalization shall—

(a) not less than one month before he makes application for naturalization to the Minister publish in the Gazette in both the official languages and in one English and one Dutch newspaper circulating in the district in which he resides a notice, in the prescribed form, of his intention to apply under this Act for a certificate of naturalization; and

(b) produce, in support of his application, proof that he has so published such notices together with a certificate signed by a magistrate, or justice of the peace, stating that the person so signing has satisfied himself from enquiries instituted by him that the applicant is of good character and repute and possesses the qualifications for naturalization prescribed by this Act;

(c) furnish such further evidence as the Minister may require of his service under the Crown or (as the case may be) of the period of residence prescribed in section two as a qualification for naturalization and of his intention to reside in the Union; and

(d) furnish such evidence as the Minister may require as to the name, sex, age and place of birth of each of his minor children (if any) who, at the time of his application, are

(i) resident with him in the Union;

(ii) not resident in the Union.

(2) Any person may, on payment of the prescribed fee, inspect any document produced under sub-section (1) of this section.

Representations to Minister with regard to any person who has applied for naturalization.

20. (1) Any person may make representations to the Minister with regard to any person who has applied or has advertised his intention to apply for naturalization.

(2) The representations shall be in the form of an affidavit.

Status van kinders.

14. (1) Wanneer iemand wat 'n Britse onderdaan is, ophou om 'n Britse onderdaan te wees, hetsy deur 'n verklaring van vreemdelingskap of op 'n ander manier, hou tewens elke kind van daardie persoon wat die leeftyd van een-en-twintig jaar nog nie bereik het nie op om 'n Britse onderdaan te wees tensy so 'n kind, wanneer daardie persoon ophou om 'n Britse onderdaan te wees, nie volgens die wet van 'n ander staat, in daardie staat genaturaliseer word nie:

Met die verstande dat wanneer 'n weduwee wat 'n Britse onderdaan is, met 'n vreemdeling trou, 'n kind van haar vorige huwelik nie alleen deur haar huwelik ophou om Britse onderdaan te wees nie, of hy buite die gebied van Sy Majesteit woon of nie.

(2) 'n Kind wat aldus opgehou het om 'n Britse onderdaan te wees, mag binne een jaar nadat hy die leeftyd van een-en-twintig jaar bereik het 'n verklaring aflê dat hy die Britse nasionaliteit wil hervat, en word daarop weer 'n Britse onderdaan.

Verlies van Britse Nasionaliteit.

Verlies van Britse nasionaliteit deur naturalisasie in vreemde staat.

15. 'n Britse onderdaan wat, terwyl hy in 'n vreemde staat en nie regtens onbevoegd is nie, aldaar genaturaliseer word deur die verkryging van 'n sertifikaat van naturalisasie of deur 'n ander vrywillige en formele handeling, word daarna in die Unie geag nie meer 'n Britse onderdaan te wees nie.

Verklaring van vreemdelingskap.

16. (1) Iemand wat deur geboorte in die gebied en onder die heerskappy van Sy Majesteit, of aan boord van 'n Britse skip, 'n gebore Britse onderdaan is, maar wat by sy geboorte of voordat hy die leeftyd van een-en-twintig jaar bereik het volgens die wet van 'n vreemde staat tewens 'n onderdaan van daardie staat geword het en nog so 'n onderdaan is, mag, wanneer hy die leeftyd van een-en-twintig jaar bereik het of daarna, en nie regtens onbevoegd is nie, 'n verklaring van vreemdelingskap aflê en wanneer hy so 'n verklaring aflê hou hy op om 'n Britse onderdaan te wees.

(2) Iemand wat, hoewel buite die gebied van sy Majesteit gebore, 'n gebore Britse onderdaan is, mag, wanneer hy die leeftyd van een-en-twintig jaar bereik het of daarna, en nie regtens onbevoegd is nie, 'n verklaring van vreemdelingskap aflê en wanneer hy so 'n verklaring aflê, hou hy op om 'n Britse onderdaan te wees.

Bevoegdheid van genaturaliseerde onderdane om hulle onder seker omstandighede van hul status te ontdoen.

